

PLAASLIKE OWERHEID: STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

**PROKLAMERING VAN BELASTING TARIWE VIR DIE 2015/2016
FINANSIËLE JAAR**

Kennis geskied hiermee in terme van artikel 14 (3) van die Plaaslike Regering Munisipale Eiendomsbelasting Wet (No 6 van 2004) dat die volgende belasting tariewe goedgekeur is deur die Raad van Stellenbosch Munisipaliteit by die Raadsvergadering gehou op 27 Mei 2015:

<u>Eiendom</u>	<u>Tarief</u>
Nie-residensiële eiendomme	R 0.01133
Residensiële eiendomme	R 0.00566
Landbou eiendomme	R 0.00141

Spesiale Aanslag Gebiede (SAG)

Die volgende tariewe sal van toepassing wees wanneer die Spesiale Aanslag Gebiede goedgekeur is deur die Stellenbosch Munisipale Raad :

<u>Spesiale Aanslag Gebiede (SAG)</u>	<u>Tarief</u>
Technopark	R 0.001252
Jonkershoek	R 0.000938

Kortings:

1. Bruto maandelikse/huishoudelike inkomste: Pensioenarisse en Gestremde Persone wie kwalifiseer

Inkomste Groep	% Korting
Tot en met	R 6 000 100%
Vanaf R 6 001 tot	R 8 000 75%
Vanaf R 8 001 tot	R 10 000 50%
Vanaf R 10 001 tot	R 12 000 25%

2. Munisipale Waardasie

100% op alle Residensiële eiendom tot 'n maksimum waarde van R95 000.

3. Stellenbosch Spesiale Kortings

'n Korting van 20% sal toegestaan word op eiendomme wat geregistreer is in die naam van Openbare Weldaads Organisasies ingevolge paragraaf 6.11 van die goedgekeurde Eiendomsbelasting Beleid van die Munisipaliteit.

4. Nie-Winsgewende Organisasies

'n Korting van 100% kan toegestaan word ten opsigte van eiendom geregistreer in die naam van 'n Nie-Winsgewende organisasie ingevolge paragraaf 6.12 van die goedgekeurde Eiendomsbelasting Beleid van die munisipaliteit

E.C. Liebenberg
Munisipale Bestuurder, Posbus 17, Stellenbosch, 7599